Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Glynis Schreuder**
Direktoraat: Kurrikulum VOO
Glynis.Schreuder@westerncape.gov.za | 021 467 2630

Lêerno.: 22/2/6/1
Verwysing: 20240118-895

Kurrikulum VOO-minuut: 0002/2024

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Vakadviseurs en Prinsipale van sekondêre skole

**Onderwerp: Ondersteuning vir Verdere Onderwys en Opleiding (VOO-) -leerders gedurende 2024 via die telematiese platform en regstreekse uitsending**

1. Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) gaan lesse wat deur 'n interaktiewe platform uitgesaai word, aanbied. Lesse sal vanaf 29 Januarie tot 28 Oktober 2024 via satelliettegnologie gestraal word.

2. Die fokus vir 2024 sal op graad 10 tot 12 wees. Die aangehegte Bylae A bevat die uitsaairooster wat die vakke, grade, onderwerpe, datums en tye uiteensit.

3. Aangesien die rooster verskeie vakke en verskillende grade insluit, is dit belangrik dat opvoeders en leerders die rooster baie nougeset navolg.

4. Die lesse sal gedurende die week ná skoolure aangebied word. Dit is dus belangrik dat prinsipale reëlings met hulle beheerliggame en ouers bespreek.

5. Leerderbywoning sal gereeld deur Hoofkantoor en distriksamptenare gemonitor word.

6. Daar sal van prinsipale verwag word om kwartaalliks oor die bywoning van leerders verslag te doen, sowel as suksesse of probleme wat met die program ondervind is.

7. Lesse en hersieningsprogramme kan gedurende die jaar heruitgesaai word. Sodanige roosters sal beskikbaar gestel word en dit moet voorspraak by leerders geniet.

8. Die aanbieders is vooraanstaande opvoeders wat vir hul kundigheid en ondervinding in die vakke gekies is.

9. Leerderboekies

- Leerderboekies sal aan elke leerder in elkeen van die vakke by skole, wat deel van die projek is, voorsien word. Dit wil sê, dié skole met satelliettegnologie.
- Skole wat deel is van die projek moet met die VOO-koördineerder in die distrikte reël om die vakboekies te verkry.
- Alle ander skole sal toegang tot die boekies via die Telematiese Skoolprojek-webwerf en die WKOD se e-Portaal https://wcedeportal.co.za/telematics hê.

10. Benewens die satellietuitsendings, sal alle lesse ook regstreek gestroom word. Skole wat nie oor satelliettegnologie beskik nie, maar toegang tot die breëband-internetdiens het, word aangemoedig om voordeel uit hierdie gratis en uitstekende onderrigprogram te trek. Skole wat graag toegang tot regstreekse stromingslesse wil kry, moet by die Telematiese-hulptoonbank by tel. 021 808 9507/021 808 4129 registreer.

11. Prinsipale word aangemoedig om alle graad 10- tot 12-leerders op die Telematiese Skoolprojek-webwerf te registreer. Dit sal leerders in staat stel om toegang tot die lesse via regstreekse stroming of vanaf die gepaste gratis opvoedkundige webwerf te kry wanneer dit hulle pas. Prinsipale moet 'n grootmaat-leerderregistrasievorm aanvra deur 'n e-pos aan school@sun.ac.za te stuur.

12. Opvoeders word aangemoedig om die lesse wat op die gratis webwerf beskikbaar is, https://schools.sun.ac.za (skakels tot die lesse is op die WKOD se e-Portaal beskikbaar), te gebruik of aan te beveel.

13. Indien u enige navrae oor hierdie inisiatief het, kom gerus in aanraking met dr. G Schreuder via e-pos by Glynis.Schreuder@westerncape.gov.za

14. Prinsipale word versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van die betrokke personeel, graad 10 tot 12-leerders en hul ouers of voogde te bring.

**GETEKEN:** H MAHOMED
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**
**DATUM:** 2024-01-22